MUNISIPALE NUUSBRIEF

THE RESIDENT / DIE INWONER

MUNICIPAL NEWSLETTER

SEPTEMBER 2015 NO. 9

UIT DIE BOUBEHEERBEAMPTE SE KANTOOR

Burgemeester LA Koloi

Wie en wat is Boubeheer?

Boubeheer is ’n afdeling in ’n plaaslike owerheid wat die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde (nr. 103 van 1977) as volg, soos omskryf in die Wet, moet toepas:

“Om voorsiening te maak vir die bevordering van eenvormigheid in die wetsbepalings betreffende die oprigting van geboue binne die regsgebied van die plaaslike besture; vir die voorskryf van standaarde en vir aangeleenthede wat met dit in verband staan.”

Die Boubeheerafdeling word deur ’n Boubeheerbeampte, sy/haar inspekteurs en administratiewe personeel bestuur en beheer wat moet toesien dat alle konstruksiewerk binne die bepalings van die Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde geskied.

Wanneer moet ek bouplanne indien?

Bouplanne moet vir die oprig van enige struktuur ingedien word en géén bouwerk mag begin word vóórdat die aansoek en planne goedgekeur is nie. Strukture behels die oprigting van geboue (huise, sakegeboue, nywerheidsgeboue ens.), grensmure, advertensietekens (hetsy teen ‘n muur geverf of op ’n struktuur of losstaande bord), brûe (kanaalbrûe ingesluit), antennas vir selfone of burgerradio’s, afdakke, lapas, sinkstore, wendy-huise, ens. Alle binneveranderinge aan strukture moet ook op plan aangebring en goedgekeur word.

Wanneer bouplanne ingedien word, word dit eers deur die Planondersoeker ontvang wat toesien dat al die planne met meegaande aansoekvorms ingedien en reg voltooi is. Sodra als in orde is, sal die afdeling die aansoeker in kennis stel wat die bouplanfooie is; wanneer die bedrag betaal is, sal die planne in sirkulasie gaan vir goedkeuring. Die sirkulasietydperk duur sowat twee weke.

Wie mag planne teken?

Slegs ’n persoon wat by SACAP (Suid-Afrikaanse Raad vir Argitektuur Professie) ingevolge Wet 44 van 2000 geregistreer is, mag planne teken. Eienaars en voornemende ontwikkelaars moet ook seker maak van die plantekenaar(s) se registrasiekategorie(ë). Daar is vier kategorieë en die plantekenaar se registrasiekategorie sal bepaal vir watter tipe werk hy mag planne teken. Hy/sy moet ook aan al die voorgeskrewe wetlike vereistes voldoen.

Die professionele persoon moet ook sy/haar SACAP-registrasie kan voorlê en terselfdertyd kan toon dat hy/sy bevoeg is om Regulasie XA (Energy Efficiency in Buildings) van die Nasionale Bouregulasie en Boustandaarde te kan toepas. Geen bouplan sal aanvaar word tensy dit voldoen aan al die nodige wetgewings en regulasie nie.

Die professionele persoon wat bouplanne mag teken, moet onder een van die volgende kategorieë geregistreer wees:

(i) Professionele Argitek

(ii) Professionele Senior Argitekstegnoloog

(iii) Professionele Argitekstegnoloog

(iv) Professionele Argitekstekenaar

Algemeen

Die boubedryf is besig om ’n nuwe dimensie te betree as gekyk word na die nuwe Nasionale Bouregulasies, SANS 10400 en veral as Regulasie XA in ag geneem word. Die gepaardgaande Regulasie XA en vereistes daaraan verbonde kan ’n groot invloed op die ontwikkeling en beplanning van nuwe geboue en verbeteringe aan bestaande geboue meebring. Dit kan ook groot koste-implikasies tot gevolg hê. Die Boubeheerbeampte van Munisipaliteit //Khara Hais wil weereens ’n beroep op persone doen om seker te maak dat die regte professionele persoon gekies word om planne vir voornemende bouwerk te teken. Indien onsekerheid bestaan, is dit slegs die Boubeheerbeampte of sy gedelegeerde wat inligting oor die boubeheerwette en -regulasies kan verskaf.

VERIFIËRING VAN ADRESSE

Die Munisipaliteit //Khara Hais rig ‘n vriendelike versoek aan alle persone/organisasies om voor of op 31 OKTOBER 2015 hul adresse te verifieer op die e-navisstelsel by die Motorvoertuigregistrasie Owerheid te Anton Lubowskiweg, Upington.

Indien u nalaat om sodanige adresverifiëring voor bogenoemde datum te doen, sal GEEN lisensieskyfie/ bestuurderslisensiekaart uitgereik word nie. Dit is volgens Regulasies 25 & 32A, soos geadverteer in die Staatskoerant No. 38142, gedateer 31 Oktober 2014.

Die volgende word benodig tydens verifikasie:

- Volle name en van;
- Identiteitsdokument / Besigheidsregistrasienommer; en
- Bewys van woon- en posadres (bv. munisipale rekening).
  - » Indien ‘n persoon ‘n plek/eiendom bewoon en die munisipale rekening is nie in sy/haar naam nie, moet die eienaar in ‘n beëdigde verklaring bevestig dat persoon/e daar woon, asook ‘n afskrif van die eienaar se munisipale rekening aanheg.
  - » - ‘n Persoon wat in ‘n informele nedersetting bly, moet ‘n bevestigingsbrief met offisiële stempel vanaf sy/haar betrokke Wyksraadslid saambring waarin die woon-/posadres bevestig word.

PROGRAM VIR DIE LEES VAN METERS

AUGUSTUS / SEPTEMBER 2015 — SEPTEMBER / OKTOBER 2015

DATUM	ROETES	DATUM	ROETES	DATUM	ROETES	DATUM	ROETES
24 AUG	1, 2, 4, 18	4 SEPT	9, 7, 11, 84	23 SEPT	1, 2, 4, 18	6 OKT	31, 45, 12, 10
27 AUG	23, 5, 22, 25	7 SEPT	31, 45, 12, 10	25 SEPT	23, 5, 22, 25	7 OKT	80
28 AUG	29, 20, 27, 35	8 SEPT	43, 32, 33, 13	28 SEPT	29, 20, 27, 35	8 OKT	43, 32, 33, 13
31 AUG	37, 3, 36, 6	9 SEPT	47, 16, 14, 39	30 SEPT	37, 3, 36, 6	9 OKT	47, 16, 14, 39
1 SEPT	38, 46, 42, 21	10 SEPT	28, 19, 41, 15	1 OKT	38, 46, 42, 21	12 OKT	28, 19, 41, 15
2 SEPT	80	11 SEPT	17, 40	2 OKT	44, 8, 24, 84	13 OKT	17, 40
3 SEPT	44, 8, 24, 30	12 SEPT	81, 82	5 OKT	9, 7, 11, 30	14 OKT	81, 82

‘n Beroep word op alle huiseienaars gedoen om asb. hul persele toeganklik te hou vir meterlesers, bv. die vasmaak van honde.

PROGRAM VIR DIE UITDEEL VAN HULPBEHOEWENDE ELEKTRISITEIT - SEPTEMBER 2015

DATUM	WOONBUURT	PLEK
01 September	Paballelo	Munisipale Kantore
02 September	Progress / Extension	Gemeenskapsaal: Keimoesweg
03 September	Louisvaleweg	Moses Links Gemeenskapsaal
04 September	Rosedale	Gemeenskapsaal: Rosedale
07 September	Kalksloot/Louisvaledorp	Betaalkantoor: Me. M Blaauw
08 - 30 Sept	Dorp	Munisipale Hoofkantoor

NB: BRING ASSEBLIEF U ID-BOEKIE EN VOLMAGVORM SAAM AS U KRAG KOM AFHAAL!! SLEGS WEEKSDAE VANAF 07:30 TOT 15:30

NIE OP OPENBARE VAKANSIEDAE NIE. (MAANDAG, 24 SEPTEMBER 2015)

Uitgereik deur die Kommunikasie Eenheid, Munisipaliteit //Khara Hais - Tel: 054 338 7000